**Sondag 15 Julie**

| **Skrifgedeelte: Markus 2:23-28** | **Fokusgedeelte: Markus 2:27; Heidelbergse Kategismus 38:103** |
|---|---|

# ’n Lui of ’n flukse Christen?

Die woord *Sabbat* beteken *om tot stilstand te kom*, of *om tot rus te kom*. Die bedoeling is egter nie om niks te doen nie, maar juis om dan op ’n bepaalde saak te fokus.

Hoewel die Joodse leiers mettertyd die klem laat val het op die *rus* van die Sabbat, was dit eintlik bedoel as ’n bedrywige dag waarop verskeie offers gebring is, met ’n erediens tussenin.

Vanaf Handelinge word die Sabbat konsekwent op ’n Sondag gevier en nie meer op ’n Saterdag nie.

Jesus gee weer die ware bedoeling van die Sabbat terug as Hy sê: “Die Sabbat is vir die mens.” Daarmee laat Hy die klem val op die funksie of die werk van die Sabbat. Die Fariseërs moes besef dat as jy een ding moet nalaat, dit nie beteken dat jy die ander nie moet doen nie! Inteendeel, ons moet die gewone sesdaagse werk los om die sewende dag se werk te doen: Kerkwerk, Koninkrykswerk

- Op ’n Sondag word die Koninkryk van God “sigbaar” as ons almal optrek kerk toe.
- Sondag word ’n geestelike werksdag as jy God kom aanbid en jouself onderwerp aan sy Woord.
- Jy doen geestelike introspeksie as die Heilige Gees met jou worstel.
- Dit word die dag waarop kinders meer van God leer.
- Sondag word gesinsdag waar die verhoudinge in die gesin verstewig word.
- Dit word die dag waarop jy uitreik na medegelowiges.

Dankie tog, ons hoef nie nog met die gewone werk besig te wees nie, daar is nie nog daarvoor ook tyd op ’n Sondag nie!

*Sing: Psalm 118-1:12*

*Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)*